education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 6

## LEWENSVAARDIGHEDE
## PERSOONLIKE EN SOSIALE WELSYN
## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 30**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A**
**VRAAG 1:**

| Vraag | MOONTLIKE ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | B ✓ | (1) | 1 |
| 1.2 | A✓ | (1) | 1 |
| 1.3 | C ✓ | (1) | 1 |
| | **TOTAAL VRAAG 1:** | **3** | |

**VRAAG 2:**

<table>
<tr><th>Vraag</th><th>MOONTLIKE ANTWOORDE</th><th>PUNT</th><th>VLAK</th></tr>
<tr><td>2.1</td><td>Voedsel-verspreide siekte:<br>’n Voedsel-verspreide siekte is 'n infeksie of irritasie wat veroorsaak word deur voedsel of drank wat skadelike bakterieë, parasiete, virusse of chemikalieë bevat.<br><br>(Enige ander relevante antwoord.) ✓</td><td>1</td><td>2</td></tr>
<tr><td>2.2</td><td>Vitamine:<br>Word gestoor in die vetterige weefsel en lewer todat jou liggaam dit nodig het.<br>Hier is `n paar voorbeelde
<table>
<tr><td>Vitamine A</td><td>Verbeter jou sig in die nag en help jou liggaam om infeksies te beveg.</td></tr>
<tr><td>Vitamine D</td><td>Help vir sterk bene.</td></tr>
<tr><td>Vitamine E</td><td>Help om jou vel te beskerm.</td></tr>
<tr><td>Vitamine K</td><td>Help om bloeding te stop.</td></tr>
<tr><td>Vitamine C</td><td>Help om infeksies te beveg.</td></tr>
<tr><td>Vitamine B</td><td>Help om energie, protëine en rooibloedselle te vervaardig</td></tr>
</table>
(Enige relevante antwoord) ✓</td><td>1</td><td>2</td></tr>
<tr><td>2.3</td><td>Bakterieë:<br>Mikro-organismes wat in voedsel kan wees. Hierdie mikro-organismes kan voedselvergiftiging veroorsaak en dit lei tot maagpyn, diarree en braking.<br><br>(Enige relevante antwoord.) ✓</td><td>1</td><td>2</td></tr>
<tr><td></td><td>TOTAAL VRAAG 2:</td><td>3</td><td></td></tr>
</table>

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3**

| Vraag | MOONTLIKE ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | D ✓ | 1 | 1 |
| 3.2 | C✓ | 1 | 1 |
| 3.3 | B ✓ | 1 | 1 |
| | **TOTAAL VRAAG 3:** | **3** | |

**VRAAG 4**

| Vraag | MOONTLIKE ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Waar ✓ | 1 | 1 |
| 4.2 | Waar✓ | 1 | 1 |
| 4.3 | Onwaar ✓ | 1 | 1 |
| | **TOTAAL VRAAG 4:** | **3** | |

**VRAAG 5**

| Vraag | MOONTLIKE ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Ek sal met my troeteldier speel. Elke dag kos en water gee. Ek sou my troeteldier was. Ek sal my troeteldiere se hare borsel. ✓ (Enige een relevante antwoord moet korrek gemerk word) | 1 | 2 |
| 5.2 | Ek moet vir Kittie kos en water gee voordat ek skool toe gaan. Ek moet seker maak dat die venster oop is sodat Kittie buite toe kan gaan. Ek moet sorg dat Kittie se slaapplek netjies en skoon is. ✓ (Enige relevante antwoord) | 1 | 1 |
| 5.3 | Moenie vir Kittie slaan of skop nie. Jy moenie vir Kittie klap nie. Jy mag nie vir Kittie sonder kos en water los nie. ✓ (Enige ander relevante antwoord.) | 1 | 3 |
| | **TOTAAL VRAAG 5:** | **3** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **15** | |

**AFDELING B**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 6:**

| Vraag | MOONTLIKE ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Die infeksie het drie stadiums. Dit begin met die voorkoms van klein, jeukerige knoppies. Daardie knoppies verander in blase vol vloeistof. Die laaste stadium is wanneer die blasies droog word, en rowe vorm. Behalwe vir die jeukerigheid en rowe, kan Waterpokkies koors, hoofpyn, droë hoes of verlies aan eetlus veroorsaak. ✓<br>(Enige ander relevante verduideliking.) | 1 | 2 |
| 6.2 | Geswelde, pynlike speekselkliere aan een of albei kante van jou gesig, koors, hoofpyn, swakheid en moegheid, verlies aan eetlus, pyn tydens kou of sluk. ✓<br>(Enige ander relevante verduideliking.) | 1 | 2 |
| 6.3 | Dra 'n masker. Maak jou hande gereeld skoon. ✓<br>(Enige ander relevante verduideliking.) | 1 | 2 |
| 6.4 | **Positief**<br>• Kyk in die oë van die persoon met wie jy praat.<br>• Plaas jouself in die persoon se skoene – dit word empatie genoem.<br>• Wees kalm en beleefd.<br>• Daar kan verskille wees.<br>• Toon respek vir ander mense se sienings en opinies.<br>• Wag totdat jy kalm is voordat jy kommunikeer.<br>• Gee die persoon kans om klaar te praat.<br>• Staan regop, skouers af, hande langs sye en voete effens uitmekaar ✓<br>(Enige relevante antwoord)<br><br>**Negatief**<br>• Kyk rond terwyl die persoon praat.<br>• Staar na ander dinge of doen iets anders terwyl die persoon praat.<br>• Sê waarvan jy hou al onstel dit die ander persoon.<br>• Om aggressief en onbeskof te wees.<br>• Verwag dat ander mense altyd dinge op jou manier sal sien.<br>• Onderbreek mense wanneer hulle iets verduidelik.<br>• Gebruik aggressiewe lyftaal – sit hande op heupe, arms styf gevou, bors vorentoe gedruk, skouers gelig en voete wyd uitmekaar. ✓<br>(Enige relevante antwoord) | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| | **TOTAAL VRAAG 6:** | **5** | |

**VRAAG 7**

Kopiereg voorbehou

| Vraag | MOONTLIKE ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | 1. Staan agter die persoon.<br>2. Sit jou arms om die persoon se lyf.<br>3. Buig die persoon effens vorentoe.<br>4. Maak 'n vuis met een hand. Plaas dit effens bokant die persoon se naeltjie.<br>5. Hou jou vuis met die ander hand vas.<br>6. Druk hard in die buik met 'n vinnige, opwaartse stoot – asof jy die persoon probeer oplig.<br>7. Doen 5 abdominale stote, indien nodig. As die blokkasie steeds nie verwyder word nie, probeer nog 5 keer.<br>8. As asemhaling nie hervat nie, ontbied `n ambulans.✓✓✓✓✓<br>(Enige ander 5 relevante antwoorde.) | 5 | 3 |

| Rubriek | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1 Punt** | **2 Punte** | **3 Punte** | **4 Punte** | **5 Punte** |
| Noem 1 manier om 'n persoon te help wat verstik | Noem 2 maniere om 'n persoon te help wat verstik | Noem 3 maniere om 'n persoon te help wat verstik | Noem 4 maniere om 'n persoon te help wat verstik | Noem 5 maniere om 'n persoon te help wat verstik |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **TOTAAL VRAAG 7:** | **5** | |

**VRAAG 8**

| Vraag | MOONTLIKE ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.1.1 | **Berei kos voor**<br>• Moenie met kos werk as jy diarree, braking het of as jy gereeld nies of hoes nie.<br>• Gaan etikette na voordat jy besluit wat om te gebruik.<br>• Kos wat in die winkel gekoop word, kan twee datums hê: 'n teen verbruiksdatum en 'n beste-voor-datum.<br>• Moenie enige kosse gebruik wat hul gebruiksdatum bereik het nie, selfs al dink jy dit lyk reg, aangesien dit dalk nie veilig is om te eet nie.<br>• Hou enigiets wat verkoel moet word so lank as moontlik in die yskas, veral as die temperature hoog is of die vertrek baie warm is.<br>• Gebruik altyd verskillende snyplanke en -gereedskap om rou vleis of hoender of vis voor te berei.<br>• Dit is omdat rou vleis skadelike bakterieë kan bevat wat maklik kan versprei na enigiets waaraan dit raak. ✓<br>(Enige een relevante antwoord) | 1 | 2 |
| 8.1.2 | • Ek kan HIV kry deur rondom persone te wees wat dit het.<br>• HIV kan genees word. | | |

Kopiereg voorbehou

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • EK sal weet as my geliefde HIV het.<br>• Die HI Virus veroorsaak nie Vigs nie.<br>• Vigs is `n siekte.<br>• HIV is dieselfde as Vigs.<br>• Muskiete kan HIV versprei. ✓<br>(Enige relevante antwoord.) | | |
| 8.2.1 | Die leuse van die wapen - *!ke e:/xarra//ke* - is in die Khoisan-taal en beteken "mense wat verskillend is wat bymekaar aansluit". ✓<br>(Enige ander relevante antwoord.) | 1 | 2 |
| 8.2.2 | Wanneer die vlag vertikaal of horisontaal vertoon word, moet die hyser aan die linkerkant van die kyker wees en die rooi band aan die bokant.✓ | 1 | 2 |
| 8.3 | Hy kan enige nasionale embleem op sy T-hemp druk.<br>Die vlag, Springbok, Galjoen, Protea. ✓ (Teken of beskryf)<br>(Enige relevante antwoord.) | 1 | 2 |
| | **TOTAAL VRAAG 8:** | **5** | |
| | **Totaal Afdeling B:** | **15** | |
| | **Groottotaal:** | **30** | |

Kopiereg voorbehou